**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# 2022: VOORTGESETTE POSITIEWE VENNOOTSKAPPE VIR 'N MENSWAARDIGE TOEKOMS

**NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 13 DESEMBER 2022 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG**

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R Swarts | [DA] | : | Speaker |
| Rdl. A du Plooy | [DA] | : | Voorsitter van die Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. D Louw | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. JJ Breunissen | : | Direkteur Tegniese Dienste *(waarnemend)* |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. R Stander | : | Bestuurder: Projekbestuur en Boubeheer |
| Me. C Ranna | : | Interne Ouditeur |
| Mnr. M Sheldon | : | Hoof: Kommunikasie |
| Mnr. SM Lesch | : | Hoof: IKT |
| Me. Chrizelda Klaasen | : | Mentee van Kannaland |
| Mev. V Willems | : | Klerk: Komitees |

***

| | AKSIE |
|---|---|

**BKN001/12/2022**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Voorsitter verwelkom almal by die vergadering en bied verskoning aan dat die vergadering later begin het as gevolg van meer tyd wat benodig was by die Begrotingsloodskomiteevergadering.

Raadslid Daniels open die vergadering met Skriflesing uit Spreuke hoofstuk 27 en 'n gebed.

'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan Me. Chrizelda Klaasen, 'n mentee van Kannaland Munisipaliteit wat vir drie dae by Bergrivier Munisipaliteit sal wees.

***

**BKN002/12/2022**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Geen

***

**BKN003/12/2022**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

Die Direkteur Korporatiewe Dienste meld dat die Raadslede hul kollektiewe belang by item **BKN012** moet verklaar.

Die Direksie en amptenare verklaar hul kollektiewe belange by item **BKN026.**

***

**BKN004/12/2022**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 15 NOVEMBER 2022**
**3/3/2/2**

**BESLUIT**

Dat die notule van die vergadering, soos gehou op Dinsdag 15 November 2022, bekragtig word.

***(VK WILLEMS)***
***KLERK: KOMITEES***

***

**BKN005/12/2022**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 15 NOVEMBER 2022**

Die Munisipale Bestuurder lei die item in waarna die Hoof: Kommunikasie kortliks terugvoer gee rakende BKN030/11/2022.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslag van die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering, soos gehou op Dinsdag 15 November 2022.

***

**BKN006/12/2022**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN007/12/2022**
**KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**12/2/2/21**

Die Voorsitter lei die item kortliks in en versoek dat die Register van Ongerymdhede en die Verliesbeheerregister vir toekomstige agendas groter gemaak word ten einde die Komiteelede dit duideliker kan sien.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN008/12/2022**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:

- Sy bedank die Raadslede vir die Prysuitdelingsfunksie en meld dat dit suksesvol was; en
- Sy bedank ook die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir die harde werk en bydrae gedurende die jaar waarna sy almal 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toewens.

Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededelings:

- Dat die uitstaande kwessies in 2023 bespreek sal word;
- Dat die samewerking tussen die kantoor van die Uitvoerende Burgemeester en Administrasie met spesifieke verwysing na die "New years bash" 'n bron van kommer is. Hy versoek dat die onderskeie direktorate hul volle ondersteuning gee aan die Kantoor van die Uitvoerende Burgemeester met die reël van bogenoemde geleentheid;
- Hy bedank die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, Direksie en amptenare vir hul leiding en bystand gelewer deur die jaar en meld dat almal aandag en tyd moet spandeer met hul familielede gedurende die feesseisoen; en
- Hy bedank die Direksie en die Reëlingskomitee vir die suksesvolle Prysuitdelingsfunksie.

Die Uitvoerende Onderburgemeester doen die volgende mededeling:

- Hy bedank die Uitvoerende Burgemeester vir die leierskap en bystand gedurende die jaar en wens hom 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe.

***

**BKN009/12/2022**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN010/12/2022**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN011/12/2022**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: TERUGVOER RAKENDE DIE BESTUUR EN ADMINISTRASIE VAN DIE BESIGHEIDSKORWE TE PORTERVILLE EN PIKETBERG**
**9/1/2**

Die Bestuurder Strategiese Dienste lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die Voorsitter bedank die Strategiese Dienste afdeling vir die goeie en harde werk gelewer tydens die proses.

**BESLUIT**

1. Dat die huidige kontrak vergesel word met die beleid en geparafeer word om huurders meer verantwoordbaar te maak en om Munisipaliteit te vrywaar van enige regs implikasies wat kan volg;
2. Dat die huidige kontrakte aangepas word vir die nuwe finansiële boekjaar met 'n addisionele klousule om huurders meer verantwoordbaar te maak;
3. Dat die saamgestelde komitee wat bestaan uit Strategiese Dienste; Wetstoepassingsbeamptes, Stadsbeplanning en voorsitter van afsonderlike SMME Forums vergader op 14 Desember 2022 nadat Uitvoerende Burgemeesterskomitee die item goedgekeur het om stalletjie toekennings te doen;
4. Dat 'n interim toekenningsperiode vanaf 15 Desember 2022 tot 30 Junie 2023 goedgekeur word aan nuwe stalletjiehouers vir die 14 vakante stalletjies in Porterville (7) en Piketberg (7);
5. Dat 'n Komitee saamgestel word, wat sal bestaan uit die relevante SMME Forums; Wetstoepassing en Strategiese Dienste, vir aanbeveling van toekennings van stalletjies aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee;
6. Dat stalletjies wat leeg staan eers toegeken word aan nuwe aansoekers;
7. Dat ander stalletjies gesluit word waar daar onderverhuring plaasvind en die wat dit gebruik as stoorplek;
8. Dat daar uit 'n regsoogpunt eers uitsettingsbriewe uitgestuur word aan onwettige stalletjiehouers (B2 – PV);
9. Dat die kriteria van wat daar verkoop mag word uiteengesit word aan die huurders;

***BESTUURDER STRATEGIESE DIENSTE***

10. Dat daar 'n dagbestuur van stalletjie-huurders aangestel word wat kan dien as skakeling met die Munisipaliteit; en
11. Dat die hersiene beleid voor einde Maart 2023 voorgelê word aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir oorweging/goedkeuring.

***

**BKN012/12/2022**
**AMENDMENT OF DETERMINATION OF UPPER LIMITS OF SALARIES, ALLOWANCES AND BENEFITS OF DIFFERENT MEMBERS OF MUNICIPAL COUNCILS, 2022**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy lei die item kortliks in.

**RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

1. That the Amendment of Determination of Upper Limits of Salaries, Allowances and Benefits of Different Members of Municipal Councils, 2022 Government Gazette, Notice, 2698, Gazette Nr 47347, dated 02 November 2022 be noted;
2. That the following allowances may be paid to councillors with effect 01 July 2021:

   a. Cellular phone R 3 400 per month
   b. Data bundle R300 per month; and

3. That the Member of the Executive Council for Local Government in the Province be notified of the council resolution and concurrence be obtained.

***

**BKN013/12/2022**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: WOENSDAG 07 DESEMBER 2022**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN014/12/2022**
**ADJUSTMENT BUDGET**
**5/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels, lei die item kortliks in.

Uiteenlopende insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die befondsing van die Jeugsentrum.

'n Besprekingsessie vind plaas rakende die vermindering van die toegekende fondse vir die Behuisingsprojekte deur "Human Settlements Development Grant (beneficiaries)", die aanstel van die kontrakteurs vir die interne dienste, die gebrek aan beplanning en spandering van die toegekende fondse vir die behuisingsprojek. Die Voorsitter meld dat 'n gesprek gefasiliteer moet word tussen die Speaker, die Uitvoerende Burgemeester en die Munisipale Bestuurder ten einde 'n interne ondersoek te doen ter verduideliking waarom die fondse deur Provinsie verminder is.

**RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

1. That the second annual adjustments budget of Bergrivier Municipality for the financial year 2022/2023, be approved:

i. Table B2: Adjustments Budget Financial Performance (expenditure by standard classification);
ii. Table B3: Adjustments Budget Financial Performance (expenditure by municipal vote);
iii. Table B4: Adjustments Budget Financial Performance (revenue by source);
iv. Table B5: Adjustments Budget Capital Expenditure for both multi-year and single year by vote, standard classification and funding;
v. Table B6: Budgeted Financial Position;
vi. Table B7: Budgeted Cash Flow;
vii. Table B8: Cash backed reserves/Accumulated surplus reconciliation;
viii. Table B9: Asset Management;
ix. Table B10: Basic service delivery measurement;
x. Supporting Tables SB1 – SB 20; and

2. That the adjustments budget be submitted to the authorities and in the format as required by law.

***

**BKA015/12/2022**
**<u>DRAFT PREFERENTIAL PROCUREMENT POLICY AND LED TARGETS</u>**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing dat die beleid gewerkswinkel word met die amptenare wat daarmee werk om hul te vergewis van die inhoud en die toepassing daarvan.

Inhoudelike wysigings word aangebring by die verslag deur die Direkteur Finansiële Dienste.

Die Uitvoerende Onderburgemeester spreek sy kommer uit rakende die teikens vir Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling en die kategorisering daarvan en versoek hy dat gedurende die begrotingsproses die moontlikheid ondersoek word om die kapitaalprojekte in kleiner gedeeltes op te breek om Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling te bevorder.

**<u>RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL</u>**

1. That the Council take note of this proposed amendment of the Draft Preferential Procurement Policy and Led Targets of Bergrivier Municipality; and
2. That Council approves the amendments of the Draft Preferential Procurement Policy and Led Targets of Bergrivier Municipality to be implemented after approval.

***

**BKA016/12/2022**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE FINANSIËLE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: WOENSDAG 07 DESEMBER 2022**
**9/1/2**

Geen

***

**BKA017/12/2022**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE GEMEENSKAPSDIENSTE KOMITEEVERGADERING: DINSDAG 06 DESEMBER 2022**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

Hy spreek sy kommer uit rakende die oopmaak van die swembad te Akasiastraat: Piketberg.

Hy spreek die Portefeulje Voorsitters toe rakende die verbetering van verslagdoening en rapportering van die onderskeie direktorate aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN018/12/2022**
**CONSIDERATION OF IRREGULAR EXPENDITURE: GRAVE INCIDENT: MR KLAASE**
**9/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die Voorsitter versoek dat die Gemeenskapsdienste direktoraat die moontlikheid ondersoek om uitlegplanne van die onderskeie begraafplase te doen om soortgelyke insidente te verhoed.

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

1. That the contents of the report be noted;
2. That Council certifies the fruitless and wasteful expenditure in the amount of R8 222.50 be disclosed as fruitless and wasteful expenditure due to the fact that there was no policy in place and to be written off, and nobody will be held responsible due to a lack of procedures; and
3. That the corrective measure be put in place: The Community Services Department to update the cemetery by-law and develop a policy with procedures.

***

**BKN019/12/2022**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: OCTOBER 2022**
**5/1/B, 5/1/1**

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That Council note the monthly budget statement and supporting documentation for October 2022.

***

**BKN020/12/2022**
**MAANDVERSLAG: UITGAWES EN VOORSIENINGSKANAALBESTUUR: OCTOBER 2022**
**5/1/B, 5/1/1**

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That Council take note of the October 2022 Supply Chain Management Implementation report and that it be made public in accordance with Section 21A of the Municipal Systems Act.

***

**BKN021/12/2022**
**INFORMATION STATEMENT: RAISING OF NEW LONG TERM DEBT 2022 – 2023**
**5/1/1**

Die Direkteur Finansiële Dienste meld dat ‘n regstelling by die item gemaak moet word sodat dit vir oorweging en goedkeuring aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Raad voorgelê word.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

That Council approves the information statement submitted herewith in terms of Section 46(3)(b) of the MFMA.

***

**BKN022/12/2022**
**TABLING OF LIST OF EXEMPTIONS, REDUCTIONS AND REBATES 2021/2022**
**5/4/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item kortliks in.

Op navraag van die Uitvoerende Onderburgemeester versoek die Munisipale Bestuurder dat die Direkteur Finansiële Dienste ‘n verslag voorlê by die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomitee soos geskeduleer vir Dinsdag 24 Januarie 2023, wat die totale bedrag uiteensit wat die formule vir die “Equitable share” allokering vir gratis diens aan die munisipaliteit toegeken is asook die totale bedrag per huishouding vir gratis dienste wat aan die publiek gegee word deur Bergrivier Munisipaliteit.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That Council note the list of exemptions, reductions and rebates as per table above, in the amount of R 3,092,148.76 as revenue foregone during the 2021/2022 financial year, as per section 15(1)(a)(b) of Municipal Property Rates Act, Act 6 of 2004.

***

**BKN023/12/2022**
**TERUGVOER VANAF DIE SENTRUM VIR PUBLIEKE GETUIENIS RAKENDE KOM RED ONS DORP, VELDDRIF**
**9/1/2**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**AANBEVELINGS: VIR KENNISNAME DEUR DIE RAAD**

1. Dat die hele taakspan wat die dag georganiseer het, van harte bedank word vir 'n puik stukkie werk;
2. Dat die Speaker kennis neem van opvolgstrategie 2 en 'n geleentheid reël waar die wyksraadslede van wyk 6 en 7 die tafelleiers ontmoet in die eerste kwartaal van 2023;
3. Dat die Munisipale Bestuurder in samewerking met die Speaker met die senior bestuur reël om teenwoordig te wees in dieselfde gesprek om uitvoering te gee aan opvolgstrategie 3; en
4. Dat die datum van Donderdag 16 Februarie 2023 oorweeg word as geskikte middag vir so 'n ontmoeting vanaf 14:00.

***

**BKN024/12/2022**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE EKONOMIESE ONTWIKKELINGSKOMITEEVERGADERING: DONDERDAG 08 DESEMBER 2022**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN025/12/2022**
**"TOOLS OF TRADE, CELLULAR PHONE, ALLOWANCE AND DATA ALLOWANCES FOR COUNCILLORS"**
**5/11/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy lei die item kortliks in. Addisionele inligting word gelewer deur die Direkteur Korporatiewe Dienste.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke wysigings wat aangebring moet word in die beleid.

**BESLUIT**

1. Dat die Direkteur Korporatiewe Dienste die wysigings aanbring in die Beleid: "Tools of Trade, Cellular Phone, Allowance and Data Allowances for "Councillors"; en
2. Dat die gewysigde Beleid: "Tools of Trade, Cellular Phone, Allowance and Data Allowances for "Councillors" voorgelê word by die volgende Raadsvergadering, soos geskeduleer vir Dinsdag 24 Januarie 2023, vir goedkeuring.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**BKN026/12/2022**
**WYSIGING VAN SELFOONBELEID**
***(‘n Vervangende verslag word ter tafel gelê soos voorheen versprei)***

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

1. Dat die gewysigde selfoonbeleid goedgekeur word; en

2. Dat die Direksie moet gaan kyk na die toepassing van die kategorisering van die selfoontoelaag lys en voorlê by die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering, soos geskeduleer vir Dinsdag 24 Januarie 2023, vir oorweging/bespreking.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

*******

**BKN027/12/2022**
**EUNOMIA COMPLIANCE REPORT: NOVEMBER 2022**
**12/2/2/21**

**RESOLVED**

That the Executive Mayoral Committee take note of the monthly Eunomia compliance report for November 2022.

***

**BKA028/12/2022**
**VORDERING MET DIE IMPLEMENTERING VAN BEHUISINGSPROJEKTE: 2022 - 2023 EN 2023 - 2024**
**9/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid De Vries lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

***(Die Hoof: IKT verlaat die vergadering om 12:28)***

**KENNIS GENEEM**

*******

**BKN029/12/2022**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN TEGNIESE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: DINSDAG 06 DESEMBER 2022**
**9/1/2**

**WATERBEPERKINGS**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid De Vries gee kortliks terugvoer rakende die item.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

1. Dat Tegniese Dienste in samewerking met die Hoof: Kommunikasie die publiek in kennis stel deur ‘n video saam te stel om die watersituasie wat deur beurtkrag veroorsaak word aan die publiek bekend te maak; en

2. Dat die Direkteur: Tegniese Dienste (waarnemend) 'n aansoek indien by Eskom om vrystelling te verkry vir Bergrivier Munisipaliteit se watersuiweringswerke.

***

**BKN030/12/2022**
**<u>NOTULE VAN DIE RISIKOBESTUURSKOMITEE VIR KENNISNAME: DINSDAG 20 SEPTEMBER 2022</u>**
**8/1/1**

**<u>AANBEVELING: VIR KENNISNAME DEUR DIE RAAD</u>**

Dat die Raad kennis neem van die Risikobestuurskomitee se notule soos gehou op Dinsdag 20 September 2022.

***

**BKN031/12/2022**
**<u>NOTULE VAN DIE PRESTASIE, RISIKO EN OUDITKOMITEE VIR KENNISNAME: VRYDAG 26 AUGUSTUS 2022</u>**
**9/1/2**

**<u>AANBEVELING: VIR KENNISNAME DEUR DIE RAAD</u>**

Dat die Raad kennis neem van die Prestasie, Risiko en Ouditkomitee se notule soos gehou op Vrydag 26 Augustus 2022.

***

**BKN032/12/2022**
**<u>NOTULE VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE VIR KENNISNAME: WOENSDAG 23 NOVEMBER 2022</u>**
**9/1/2**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die Opleidingskomitee se notule soos gehou op Woensdag 23 November 2022.

***

**BKN033/12/2022**
**<u>NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME</u>**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN034/12/2022**
**<u>WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

***Die amptenare verlaat die vergadering om 13:00, waarna die Speaker, Uitvoerende Burgemeesterskomitee, Munisipale Bestuurder, Direkteur: Tegniese Dienste (waarnemend) en Bestuurder: Projekbestuur en Boubeheer die vergadering In-Komitee voortsit.***

**BKN035/12/2022**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE VOORGELÊ VIR OORWEGING / KENNISNAME DEUR DIE RAAD: EIS: FONDASIES TE ERF 1969, PORTERVILLE (23 JAKARANDA STRAAT)**
**5/15/2**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

Dat die item terugverwys word na die Direkteur: Tegniese Dienste vir verdere inligting / ondersoeke.

***DIREKTEUR: TEGNIESE DIENSTE (waarnemend)***

***

**BKN036/12/2022**
**IN-KOMITEE: BESLUITE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN037/12/2022**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

**BKN038/12/2022**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 13:25*

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

_______________________________      ____________________

***VOORSITTER (UITVOERENDE BURGEMEESTER)***      ***DATUM***

***